

Familiêr met God

Ps 13 & Hebr 10:19-22

Inleiding

- Eers is dit die dinge wat gesê en gedoen word
 - wat pyn, seer, frustrasie, aggressie en woede in ons lewens veroorsaak.
 - vb. ouer wat vir n kind se: jy stel my teleur
 - kind vir n ouer: ek wens ek het ander ouers gehad
 - mense se skinder woorde oor mekaar.
- Maar daarna is dit die dinge wat ons nie sê of doen nie,
 - wat pyn, seer, frustrasie, aggressie en woede in ons lewens laat aanhou.
 - oproep, jammer, asseblief, die drukkie.
- Nie net in ons verhoudinge met mekaar nie...
 - ook in ons verhouding met God
 - daar is dinge wat gesê moet word... wat ons net nie sê nie
- Dalk gebeur dit omdat
 - Jy nie dink mens kan gewoon met God praat nie
 - Jy mag nie familiêr met God wees,
 - asof Hy familie is
 - en jy sonder om jou woorde te tel jou hart mag deel nie.
 - Dis wat familiêr beteken.
 - Jy praat met iemand asof julle familie is.
 - Mag jy só voor God wees met jou hart?
 - Gebruik jy die spesiale familie-wees band met God die Vader...?

- Of is dit 'n pad wat jy nie durf stap nie?
- Wat het in die Bybel gebeur wanneer mense
 - seer gehad het, teleurgestel was, vies vir God, kwaad vir ander mense.
 - Ons gaan na verskillende dele kyk om hieroor te leer
 - En hopelik 'n deur oopmaak wat in jou lewe tot nou toe – bot toe was.

Psalms:

- Die Psalms is 'n handige plek om te begin omdat
 - omtrent 33% van Psalms 'klaag'-Psalms genoem kan word.
 - Liedjies oor mense se seer, ontevredenheid, of ontnugtering.
- Die basiese patroon is
 - dat iemand met een of ander groot probleem of seer na God toe kom.
 - Hy kla by God, pleit, beskuldig selfs 'n bietjie of maak sommer voorstelle van wat God behoort te doen!
 - Net om dan in God se teenwoordigheid weer te kalmere en dan aan God se goedheid vas te hou.
 - Ps 13 is 'n goeie voorbeeld hiervan.
- Kom ons kyk gou na 'n paar verse uit verskillende Psalms.
 - Baie ander dinge word ook elke keer in die Psalm gesê,
 - maar plek-plek sien ons hoe seer, frustrasie, pyn, hartseer en allerhande menslike emosies mag oorkook by God.

Ps 13

"²Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? ³Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers? ⁴Luister tog en antwoord my, Here my God!"

- Hoor jy die dringendheid?
 - Eintlik die beskuldigings in die vrae!!
 - En uiteindelik word nie net mooi gevra dat God moet luister nie, hier word 'n antwoord geëis!

Ps 26

Laat reg aan my geskied, Here, want ek is onskuldig. Ek het op die Here vertrou en nie getwyfel nie.

²Toets my, Here, keur my, ondersoek my deur en deur. ³Ek laat my deur u liefde lei en ek lewe deur u trou.

- 'n Eerlike uitnodiging aan God om elke klip te kom omdraai.
 - Hoekom gebeur die dinge as ek onskuldig is?

Ps 44

- Hierdie een is interessant want die persoon beskuldig God eintlik
 - terwyl hy uitbasuin dat hy eintlik onskuldig is
 - en eintlik beter behandel moet.
 - Daar is lang lyste wat aanhou, ek haal net seker dele aan:

⁹Ons het God die hele dag deur geprys en sy Naam altyddeur geloof. ¹⁰Tog het U ons nou verstoot en ons in die

skande laat kom. U trek nie meer saam met ons leërs uit nie. ¹¹U laat ons vlug voor ons teëstanders; ons vyande plunder na hartelus; ¹²U lewer ons uit: ons is soos slagskape. U verstrooi ons onder die nasies; ¹³U gee u volk sommerso weg, vir niks; daar steek geen voordeel vir U in nie.....

.....
¹⁸Al hierdie dinge het oor ons gekom, hoewel ons U nie vergeet het nie en aan u verbond nie ontrou was nie. ¹⁹Ons het nie afvallig geword nie en van u pad nie afgewyk nie.

.....
²⁴Kom ons te hulp! Waarom slaap U, Here? Word tog wakker! Moet ons nie vir altyd verstoot nie!

- Hier word iets gesê wat jy dalk al gedink en gevoel het,
 - maar nooit sou waag om eerlik vir God te sê nie:
 - ‘Dat God dalk aan die slaap is soos dinge vir jou lyk.’
- Dít is alles **eerlike** pyn, frustrasie, viesheid, seer en ongeduld wat oorkook
 - wanneer mense eerlik met God stoei oor hulle lewens.
- **Mense, dit mag gebeur,**
 - maar gebeur te dikwels nie
 - of omdat jy nooit ‘n voorbeeld gehad het van so ‘n verhouding in jou ouers nie
 - of omdat jy dink so reguit praat met God mag nie
 - of watter rede ook al... dalk jou trots!
- En ás dit gebeur ...is dit ongelukkig meestal eers na jare.

- Dan het verhoudinge onnodig jare lank skeef gegroei.
- Was daar vir jare 'n onnodige blokkasie in jou verhouding met God en die vrede van Jesus Christus.
- Maar wanneer dit uiteindelik uitkom en oorkook
 - is dit die wonderlikste geleentheid om agter te kom
 - dat God soos 'n Pa beter verstaan as wat jy dink
 - en dat jy deur jou Pa getroos kan word.

Nuwe Testament

- In die NT kry Christene dieselfde raad van Paulus in Filippense 4:

⁶Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. ⁷En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

- groot woorde: niks besorg; maak in alles. !
 - jy kan met jou hele lewe, elke mm², na God gaan
 - gaan maak dit bekend -praat daaroor
 - met smeking - desperaatheid
 - en danksegging – tel ook jou seëninge
 - As jy altwee saam sien... gebreke en OOK seëninge
 - sien jy God is wel daar
 - Hy weet en is besig

- al het jy dalk nog onsekerheid oor jouself
 - sal God in my situasies betrokke wil wees?
 - ek weet ook aan die ander kant ek verdien dit nie
- Maar die vrede wat wag hou oor jou hart en gedagtes
 - wat heelyd weer op hol wil gaan
 - ja maar ek verdien nie...?
 - hoekom sal God...?
 - is vasgeknoop in Jesus Christus
- Die genade-rede hoekom God in jou situasie betrokke is...
 - ...al verdien jy of die ander party dit nie.
 - Jesus is die genade-rede wat jou hart en gedagtes kan laat rus in sy goedheid.
 - Hy het al die redes van jou lewe
 - ...oor hoekom God nie sou belangstel om te help nie...
 - met sy bloed aan die kruis toegesmeer.
 - ...sien...Jesus is die rede hoekom ons 'n Pa het om na te gaan...
 - vgl. Heb 10:19-22 lees.
 - Jesus gee 'n oop gratis pad na 'n Pa toe.
 - As priester het hy klaar dinge met God uitsorteer sodat ons net kan gaan = gewas en gereinig op grond van Jesus.
 - en Jesus is die rede hoekom ons met vrede ook kan wegstap!
 - met 'n vrede wat van God af kom
 - en nie regtig verstaan kan word nie.

- Dit gebeur soos wat jy met jou situasie en al *in* die waarheid van Jesus Christus lewe.
 - Ek is 'n kind van 'n betrokke Pa!

Oorsake

- Maar hoe het dit in die eerste plek gekom?
 - Hierdie afstand tussen jou en God.
 - Die blokkasie dat dinge wat gesê moet word net nie gesê word nie?
- Daar is seker baie redes maar ek dink twee staan uit:
 - Kwaad vir God.
 - want
 - Hy moes beter doen,
 - Hy moes keer
 - of gee of help
 - of wat ook al ek glo ek verdien en Hy nie vir my gegee het nie.
 - En jy verwag dit net van God as jy die verkeerde Idee oor God het...
 - 'n God wat vir jou werk... en nou nie sy werk gedoen het nie.
 - Eerder as wat jy verstaan dat
 - Hy in onverdiende goedheid sondige mense sy kinders maak deur Jesus Christus
 - en hulle dan hul daaglikse brood gee vir wat hulle werk vir Hom ook al mag wees.
- En dan tweedens 'n skuldgevoel
 - Ek weet ek het so baie vuil sonde... ek kan nie gaan vra nie
 - Ek het nie 'n been om op te staan nie.

- En as ek vra het ek geen rus dat wat ek kry uit God se hand kom nie... ek verdien tog niks nie.
- In die eerste van hierdie twee gevalle oorskat jy jou goedheid
 - Die mense is eintlik in die middel en God werk vir hom.
 - Maar God doen 'n slegte werk.
 - Ek praat nou nie meer met Hom nie
 - en glo ek kan self beter planne maak en regkom
 - oorskat myself
- In die tweede geval onderskat jy God se goedheid
 - Kan Hy werklik goed genoeg wees om genade vir my te hê?
 - Sal Hy regtig hoor as ek hom al 10000 keer allerhande dinge belowe het en niks daarvan doen nie?
 - Sal Hy my regtig kan liefhê... al is ek net ek?
 - onderskat God
- Die wonderwerk van die goeie nuus, die evangelie van Jesus Christus, is dat dit altwee hierdie oorskat en onderskat wegblaas
 - Die mens is nie in die middel nie... die mens is so verlore dat God moes kom red.
 - Die mens is verby die punt waar hy homself kon help.
 - God se goedheid is so goed, dat Hy juis kom vir mense wat dit nie verdien nie.
 - Hoe anders kan ons ooit verander as Hy nie ons skrikkerige harte tot rus bring nie.

- Afstand kom tussen jou en God as
 - jy jouself oorskak en God onderskak.
 - Die evangelie maak die deur oop
 - om by God se troonkamer in te stap, skoon in Jesus,
 - en uit te stap... rustig in Jesus.

Wat dan?

- Praat met jou Pa.
 - oor die ding wat jy nie dink jy met hom oor kan praat nie of behoort te praat nie.
 - Familiêr.
- Jy gaan Hom nie verras nie en jy hoef nie skaam te voel nie,
 - Hy weet in elkgeval klaar daarvan.
 - Maar Hy wil dat jy weer in afhanklikheid van Hom kom staan
 - om uit Hom, en met Hom in jou, deur die dinge te werk.
- Al voel dit of die plafon te naby is, of jou woorde onder die bed inrol.
 - Bid hardop,
 - Skryf jou gebed neer.
 - Huil sommer net sonder woorde.
 - Bid saam met ander Christene.
 - Vat die Bybel en bid 'n Psalm asof dit jÓú woorde is.
- En die rede hoekom jy hierdie dinge kan doen met hoop
 - is nie jÓú bestaan of vermoë nie,

- maar God se bestaan en sy vermoë wat jou 'n kind maak het
 - Hy het so verhouding met jou begin.
- Dit is al hoe ons sien die Psalm digters weer tot vrede en rustigheid kom,...
 - wanneer hulle weer onthou wie die lewende God is wat hulle dien
 - v 6“Ek hou vas aan U troue liefde” -
- Dit is eers dan wat jy weer vry is,
 - al is jy nog in dieselfde omstandighede

Slot

- “God as Vader, jy as kind”
 - Christenskap stellings daar ver?
 - Of 'n Familiêre waarheid van oop gesprek?
 - Eers is dit die dinge wat gesê en gedoen word wat die pyn bring...
 - en dan die dinge wat nie gesê of gedoen word nie, ... wat die pyn laat aanhou.
- Moet jouself nie oorskat en kwaad word nie
- Moet God nie onderskat en wegbly nie
- In Jesus sien ek
 - myself soos ek is
 - hopeloos en nodig om gered te word
 - God soos Hy is
 - beter as wat ek dink in sy ryk genade
- Dis dan wat ek met moed by God kan instap en se wat op my hart is,

- en met net soveel moed kan uitstap
- om as deel van sy Familie in Vanderbijlpark te leer lewe

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
26 April 2015